# ENKELE PROBLEME IN VERBAND MET DIE NAVORSING VAN VROEG-KONTEMPORÊRE VADERLANDSE GESKIEDENIS MET BESONDERE VERWYSING NA DIE RANDSE STAKING VAN 1922*

A. G. Oberholster

*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*

Hoewel navorsing op die gebied van die eietydse of kontemporêre geskiedenis verby die fase is waar daar na die bestaansreg van so 'n studiegebied gevra word, is daar tog menige ander probleem in verband daarmee wat ernstige aandag verdien. Immers slegs deur die probleme te bespreek en moontlike oplossings daarvoor aan die hand te doen, kan wesenlike vordering gemaak word met die ontwikkeling van 'n gangbare navorsingspraktyk.

Voordat daar egter aan besondere probleme op die gebied van die eietydse geskiedenis aandag gegee word, is dit nodig om vir 'n wyle na die begrippe *eietyds* en *kontemperêr* te kyk in 'n poging om te bepaal wat daardeur in- en wat daardeur uitgesluit word. Slegs 'n oppervlakkige verkenning bring aan die lig dat daar in hierdie verband 'n besliste probleem bestaan en wat duidelik geïllustreer word deur die onvermoë van historici, in Suid-Afrika sowel as in die buiteland, om wat dit aanbetref tot 'n vergelyk te kom.

As die probleem vereenvoudig word tot die vasstelling van 'n verledetydsgrens vir die eietydse geskiedenis, moet rekening gehou word met taamlik uiteenlopende standpunte wat reeds in verband daarmee ingeneem is. F. A. van Jaarsveld het hom byvoorbeeld in 1966 soos volg daaroor uitgelaat: „Vir my gevoel bly die datum 1945/6, toe Suid-Afrika vir die eerste keer in wêreldverband (V.V.O.) met sy rassevraagstuk te doen gekry het van beslissende betekenis. Dit het hier na 'n nuwe, Afrikabewussyn gelei sowel as na vrae oor die toekoms van die land."[1]

By nadere beskouing en teen die agtergrond van die aktualiteit van gebeure in Afrika die afgelope twee dekades, en veral die afgelope maande in Angola en Mosambiek, wil dit voorkom of hierdie uitspraak 'n sekere mate van geldigheid het, in elk geval wat Afrika-politieke eietydse geskiedenis aanbetref. Tog is daar diegene wat goeie argumente daarop nahou vir die terugplasing van die grens na 1910. 'n Hele aantal proefskrifte en verhandelinge wat die afgelope jare onder die vaandel van die eietydse geskiedenis afgehandel is, bestryk die tydperk onmiddellik na 1910. H. B. Giliomee motiveer die insluiting van 'n langer periode van die vaderlandse geskiedenis by die eiettydse geskiedenis soos volg: „Na my gevoel staan die datums 1910 en 1912 uit: 1910, toe die blankes in

* Voorgedra op 21 September 1974 voor personeellede en nagraadse studente van die Departement Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria.

1. F. A. van Jaarsveld, Eietydse geskiedenis (*Standpunte 63*, Februarie 1966, herdruk by F. A. van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge*, Pretoria 1974, p. 113.)

hegter staatsverband saamgesluit is; 1912, die byeenkoms van verteenwoordigers van al die Bantoestamme met die doel om 'n eenheidsfront te vorm."[2]

Hierdie twee uiteenlopende standpunte oor 'n saak waaroor daar ter wille van wetenskaplike gesprekvoering ooreenstemming behoort te bestaan, maak dit noodsaaklik om verder te kwalifiseer wanneer daar van die begrippe eietydse geskiedenis en kontemporêre geskiedenis gebruik gemaak word. Afgesien van die feit dat 'n grensdatum steeds met die tyd vorentoe sal verskuiwe, sal dit in elk geval op 'n gegewe tydstip vir verskillende aspekte van die geskiedenis verskillend wees.

Hoewel die begrippe *eietydse* en *kontemporêre* geskiedenis (om maar te hou by die twee wat die grootste inslag gevind het) veronderstel is om dieselfde betekenis te hê, is dit interessant om daarop te let dat daar ook voorkeure bestaan ten opsigte van die gebruik daarvan. Dit is verder interessant om daarop te let dat Van Jaarsveld wat voorkeur gee aan die term *eietydse geskiedenis,* 'n enger (in tyd gesproke) interpretasie daaraan gee as Giliomee, wat die term *kontemporêre geskiedenis* verkies. Selfs al sou my taalgevoel, wat maar 'n subjektiewe norm is, my toelaat om te aanvaar dat hier wel deeglik van 'n fyn betekenisonderskeid sprake is, beskou ek dit as wenslik om ter wille van 'n redelike mate van duidelikheid te praat van *vroeg-kontemporêre* vaderlandse geskiedenis wanneer dit gaan om die geskiedenis van die tydperk tussen Uniewording en die Tweede Wêreldoorlog.

Ek beskou hierdie kwalifikasie betekenisvol omdat hierdie besondere tydperk sekere probleme oplewer wat in 'n mate uniek is. Die doel met hierdie bespreking is egter nie om sodanige unieke probleme uit te sonder nie, maar eerder om te verwys na algemene probleme wat die student van die vroeg-kontemporêre geskiedenis op die weg lê.

Ten opsigte van my navorsing in verband met die Randse staking van 1922 het ek spoedig tot die besef gekom dat ek met 'n tweeledige probleem te doen het, naamlik interpretasie van navorsingsgegewens en insameling daarvan. Hoewel insameling interpretasie in die reël voorafgaan, vind ek dat dit in die praktyk nodig is om die volgorde soms om te draai. Omdat die staking so 'n komplekse gebeurtenis was, is dit as't ware nodig om interpreterend stof in te samel, dit wil sê, bewustelik interpreterend.

Aangesien dit in 'n toenemende mate die geval is met navorsing ten opsigte van die twintigste eeu as gevolg van die ingewikkelder samelewingspatrone, stel dit die eis dat die navorser hom multi-dissiplinêr moet oriënteer, d.w.s., hy moet hom toerus met die kennis wat die sistematiese geesteswetenskappe (sosiale wetenskappe) deur hulle wetenskaplike arbeid verwerf het en dit toepas wanneer historiese gegewens ingesamel word. Die Randse staking van 1922 is gelyktydig militêr-polities en sosiaal-ekonomies van betekenis, en om die uiteenlopende

2. H. B. Gilomee, „Onoorkoomlike Besware" teen kontemporêre geskiedeni: (*Standpunte,* Februarie 1969, p. 51).

historiese gegewens wat daarop betrekking het sinvol te versamel en te interpreteer, het ek dit nodig gevind om nie net die ekonomiese geskiedenis van hierdie periode te bestudeer nie, maar ook die ekonomie self. In dieselfde mate is kennis van die sosiale psigologie 'n hulpmiddel, omdat dit die navorsers toerus om met groter begrip die optrede van die geskiedenismakende mens in die een of ander komplekse situasie te bestudeer. Historiese gegewens is soms onvolledig, veral ten opsigte van innerlike motivering, en dit is net moontlik dat die kennis waaroor die sielkunde beskik ten opsigte van die psigologiese basis van menslike gedrag benut kan word om hierdie gaping te oorbrug. Historici het hierdie praktyk in elk geval in die verlede gevolg, maar sonder om hulle altyd wetenskaplik daarop in te stel.

Een van die grootste probleme in verband met die bestudering van die staking is die feit dat groepe of groeperinge so 'n belangrike rol in die gebeure speel, sodat selfs die indiwidue wat op die voorgrond tree in die meeste gevalle 'n groep verteenwoordig. Naas die hoofgroeperings: georganiseerde arbeid, die werkgewers en die regering, is daar subgroeperings. Binne die werkersgroep is daar swart en wit werkers, Engelssprekende en Afrikaanssprekende werkers en verskillende ander groeperinge op grond van staakmotiewe: rassisties, ideologies en ekonomies. Sonder twyfel sal die insigte wat die sosiologie in verband met kollektiewe gedragpatrone verwerf het, bydra om groepsgedrag te interpreteer, soos kennis van groepsdinamika 'n hulpmiddel kan wees wanneer die navorser moet ontwar presies hoe 'n aksiegroep te werk gegaan het en van watter oorredingstegnieke gebruik gemaak is om die ongeordende massa te mobiliseer vir 'n saak wat hulle nooit bedoel het om te ondersteun nie.

Hierby kan aangetoon word hoe belangrik dit is om in staatregtelike verband duidelikheid te verkry oor begrippe soos Bolsjewisme, sosialisme, kapitalisme en voorts oor politieke groeperinge in die twintigerjare. Dit sou verder vir 'n insiggewender bestudering van die verloop van die staking nodig wees om 'n goeie beeld te hê van die polisie-organisasie aan die Rand en die potensiaal en slaggereedheid van die leër, en dit vereis 'n studie wat wyer gryp as die navorsingsgegewens wat in die loop van die normale navorsingsproses beskikbaar kom.

Dat multi-dissiplinêre oriëtasie noodsaaklik is, staan vas, maar dat dit vir die navorser 'n strik kan word, is eweneens waar. Hoewel die navorser wat deeglik in die historiese metode onderleg is, minder gevaar loop om hom deur die metodes van ander dissiplines wat hy mag gebruik te laat beïnvloed wanneer hy tot 'n 'historiese' sintese oorgaan as wat dit die geval is wanneer skrywers uit ander dissiplines hulle aan geskiedskrywing waag, moet daar nogtans met groot omsigtigheid te werk gegaan word.

Hiermee word egter nie beweer dat geskiedskrywing nie 'n interdissiplinêre karakter mag hê nie. Geskiedskrywing moet dit juis wees, veral in eietydse verband (alhoewel dit deur baie van die belangrikste eksponente daarvan oor die hoof gesien word). Dit is eintlik jammer

dat daar so 'n hoë premie geplaas word op eietydse *politieke* geskiedenis, terwyl dit in 'n groot mate sosiaal-ekonomiese, kulturele en kerklike aangeleenthede is wat ons eie tyd domineer, en die rigting van ons eietydse politieke denke bepaal. Om hierdie integrasie sinvol te voltrek, bly 'n probleem waarmee elke navorser behoort te worstel. Totdat dit die benaderingswyse van elke historikus is, sal integrale (omvattende) geskiedenis steeds 'n ontwykende ideaal bly.

Die tweede probleem wat genoem is, handel oor die insameling van navorsingsgegewens, meer in die besonder die aard en die beskikbaarheid van bronne. Die navorser wat die eietydse geskiedenis as studieterrein afbaken, weet vooraf dat die argiefwet dit vir hom onmoontlik maak om sekere amptelike dokumente in die staatsargiefbewaarplekke te raadpleeg, en het geen ander keuse as om onder stille protes daarin te berus en hom tot ander bronne te wend nie.

Die navorser wat hom bepaal by die vroeë vaderlandse geskiedenis, daarenteen, het in die reël te make met redelik beheerbare en geordende argiefgroepe. Die navorser wat hom egter aan die vroeg-kontemporêre vaderlandse geskiedenis waag, kry met 'n heel ander situasie te doen. Afhangende van sy onderwerp kan hy, wat argiefnavorsing aanbetref, voor een van die volgende probleme te staan kom: Hy mag, in die eerste plek, vind dat hy sy argivale navorsing net tot op 'n punt kan afhandel (tans is dit tot 1925) en daarna bevind hy hom in dieselfde bootjie as sy kollega by die eietydse geskiedenis, met dié verskil miskien dat die frustrasie groter is omdat 'n deel van die navorsing op primêre bronne berus en die res daarsonder moet klaarkom.

Vervolgens mag die navorser vind dat alle argiewe vir hom oop is, omdat sy navorsing die periode voor 1925 dek — soos dit met die Randse staking die geval is. Om verskeie redes, is dit egter vir die navorser moeilik om by alles wat vir hom belangrik is, uit te kom. My ondervinding is dat die personeel van die verskillende staatsargiefbewaarplekke uiters behulpsaam is. In my geval het hulle so ver gegaan om 'n lys van voor-die-hand-liggende bronne op te stel. Die probleem is egter dat die papierwerk van die verskillende staatsdepartemente so omvangryk geword het dat dit haas onmoontlik is om dit te oorskou, vir sowel die personeel van die argiefbewaarplek as vir die navorser. Die ingebruikneming van rekenaars mag in die toekoms meehelp om die probleem te verlig, maar dat dit nie die oplossing vir alle probleme gaan wees nie, is ook taamlik seker. Ek het dit by herhaling gevind dat belangrike gegewens soms verskuil lê in argiefgroepe wat op die oog af niks met my onderwerp te doen het nie.

Soms bied die blote omvang van 'n argiefgroep, die aard van die stof wat dit bevat of die metode wat oorspronklik gevolg is om korrespondensie te liaseer die grootste uitdaging aan die navorser. 'n Voorbeeld hiervan is die Randse dorpe se landdrosstukke wat honderde lêers beslaan en uiters belangrike gegewens bevat. Ongelukkig is dit 'n geval van 'n bietjie koring tussen 'n klomp kaf. Die probleem in verband met hofsake lê naamlik daarin geleë dat die getuienis wat in 'n saak

gebruik word nie daarop gemik is om die bepaalde agtergrond waarteen 'n misdaad gepleeg is, te rekonstrueer nie, maar om die skuld of onskuld van 'n aangeklaagde te bewys, sodat dit hier vir die navorser dikwels die geval is van: so naby en tog so ver.

'n Verdere probleem in verband met argiewe uit hierdie tydperk — en dit is in die besonder waar van die argief van die Sekretaris van die eerste minister — is die onvolledigheid daarvan. Afgesien van die feit dat liassering in die departement skynbaar baie lukraak gedoen is, is daar 'n groot aantal dokumente wat opsigtelik ontbreek. Dit is deels toe te skrywe aan die feit dat amptelike dokumente soms van die lêers verwyder en nooit teruggeplaas is nie. Van hierdie korrespondensie het ek later gevind, en wel in 'n private versameling. Daar is egter ook aanduidings dat korrespondensie van omstrede aard (en juis daarom vir die navorser van besondere belang) doelbewus van die lêers verwyder is, waarskynlik om vernietig te word. Dit geld nie net vir korrespondensie nie, dog ook vir hele lêers.

In een geval kon ek die argief van 'n sekere departement nie in die Staatsargief opspoor nie, hoewel die lêers tot 1920/1 wel na die argiefbewaarplek oorgeplaas is. 'n Navraag by hierdie departement het ook weinig meer opgelewer as 'n aanduiding dat die lêers as gevolg van 'n natuurramp beskadig en eventueel vernietig is. As dit dan gaan om 'n sleutelargief, soos dit hier wel die geval was, moet 'n navorser die grootste mate van selfbeheersing aan die dag lê.

Buite die staatsargiefbewaarplekke is ook 'n groot aantal private versamelings wat vir die navorser 'n belangrike bron van inligting kan wees. Hierdie versamelings is egter oor die hele Republiek versprei: in biblioteke, universiteite en by private persone en instansies, wat dit vir die navorser baie moeilik maak om dit te raadpleeg, as dit nie in elk geval om een of ander rede vir navorssers ontoeganklik is nie. Die Instituut vir Eietydse Geskiedenis (UOVS) in Bloemfontein het 'n groot diens aan navorsers gelewer deur 'n lys te publiseer waarin 'n groot aantal versamelings genoem word met besonderhede omtrent die inhoud, plek van bewaring en die voorwaardes in verband met die raadpleging daarvan.[3]

Ongelukkig is dit ook so dat daar instansies is wat dokumente van historiese belang ontoeganklik maak om redes wat net as professionele grypsug beskou kan word. Hierteen het die navorser geen verweer nie, ook nie teen die persone nie wat hulle vir bepaalde onderwerpe interesseer en oorspronklike dokumente in verband daarmee versamel en weier om dit met navorsers, wat met vrug daarvan gebruik kan maak, te deel.

In 'n heel besondere sin is die navorser van die eietydse geskiedenis aangewys op historiese literatuur, letterkundige bronne, koerante en tydskrifte. Ook hier is dit die geval dat die navorser met soveel papier gekonfronteer word dat vir hom moeilik is om te besluit wat om te raad-

3. O. Geyser (projekleier), *Register van private dokumenteversamelings oor die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis sedert 1902*, I.

pleeg en wat om te laat. Daar bestaan 'n aantal hulpmiddele, maar geeneen is so betroubaar dat die navorser hom volkome daarop kan verlaat nie. In die eerste plek is daar die Instituut vir Eietydse Geskiedenis se *Bibliografie vir die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis sedert 1902* waarin benewens 572 gepubliseerde werke ook 101 verhandelinge en proefskrifte opgeneem is. Hierdie bibliografie is egter nie volledig nie en verleen aan die navorser weinig hulp sover dit amptelike publikasies aanbetref. In die geval van tydskrifte is navorsers aangewys op die Openbare Biblioteek in Johannesburg se *Repertorium van Suid-Afrikaanse Tydskrifartikels*. Die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad het in 1950 die *Union list of South African newspapers, Nov. 1949* uitgegee. Hierdie lys bevat besonderhede omtrent die meeste koerante wat in Suid-Afrika verskyn het of nog verskyn, asook 'n aanduiding van waar die koerante geraadpleeg kan word. Maar weer eens is dit nie die antwoord op alle vrae nie. Dit bevat byvoorbeeld geen inligting omtrent *De Spectator*, 'n Pretoriase koerant wat omstreeks 1912-1922 deur ene W. F. Mondriaan uitgegee is nie. Dit is waarskynlik die eerste koerant wat die Nasionale Party van genl. J. B. M. Hertzog gesteun het, en is ook die enigste koerant wat hom werklik aan die kant van die stakers (1922) geskaar het.

Ten slotte is dit ook nodig om te verwys na mondelinge oorlewering as 'n bron van inligting vir die eietydse historikus. Die algemene klagte by navorsers is dat die resultate wat op dié wyse verkry word in die reël baie onbevredigend is, enersyds omdat persone nie altyd bereid is om met die volle waarheid vorendag te kom nie, en andersyds omdat hulle nie meer samehangend oor die verlede kan praat nie. Om werklik enige mate van sukses te verseker, is dit absoluut essensieel dat die navorser hom deeglik vir elke onderhoud voorberei.

Ondanks die probleme wat die bestudering daarvan oplewer, is die vroeg-kontemporêre periode in die vaderlandse geskiedenis uiters prikkelend en opwindend, want enersyds verleen die tydsverloop reeds 'n mate van perspektief, terwyl dit andersyds nog naby genoeg is om vir ons eie tyd aktueel te wees.